ROOIKAT HOK VANG

Nuut vir 2016, new for 2016 is the long awaited new cage trap and styling, once again tested and proven to work well in Free State – we are offering it as follows;

In the package is the cage trap for the Rooikat, with 2 doors, and it can be made that only one is set to close or both. A DVD on cage trapping and the ways to do it, a 500ml trapping lure (another proven lure, we have made and marketed this in South Africa since 1999, it is THE ONLY lure of its kind in South Africa and till today we have sold hundreds of litres of this lure, it works well!

Also, in the package is a Rooikat paw print stamp used in cage trapping, this total package retails at the following prices;

The cage R3800-00
The lure 500ml R250-00
Stamp FREE
DVD cage trapping R395-00

NEW 2016

SPECIAL

Package price if all items are bought with the cage R4200-00.

Our trapping urine is the ultimate in cage trapping cats, we have manufactured and marketed the product for many years, hand made by Gary Laubscher.

TRIGGER BARS

Our cages are designed and built by trappers with years of experience.

Cage ideal for Groukatte, smaller pest animals and Rooikatte. Two doors and can be set either both doors or only one. Proven design, size and manufactured with a fine setting or heavier setting – so you can set it to only go off if heavier animals stand on the centre floor plate.

Trigger bars

One trigger bar over the other dead centre for a heavy setting.



Heavy setting for big predators as Caracal

Light setting.

Setting the cage stops smaller animals becoming trapped.

STAMP

A must have to use in and around cage traps; it helps tremendously in luring cats into cages. Trapping cats in cages is all about a visual thing, and cat prints raise interest.

URINE

CAT- A - TONIC

This lure has been manufactured in South Africa since 1999, it is one of our best sellers, many farmers use our lure with great success and some even buy monthly up to 5 bottles at a time, many people from Namibia also make use of this lure, it has become a no1 go to killer for cage trapping rooikatte.

I have made this simulated urine for years, many many Rooikatte have been removed because of this liquid, and it has proven itself over and over for years.

I make a batch and leave each batch for 6 months before using - this way it really gains age and smells real bad!

DVD TRAPPING

Instruction on how to cage trap and the best ways, it is an A-Z of cage trapping. If you want to learn more, see this 2005 article about cage trapping on the internet.

http://landbou.com/bedrywe/diere/geheime-van-rooikatvang/

You will not easily find another website on the internet about Jackal and Rooikatte with as much info as what you will get on mine, and its FREE info, you dont have to pay, look at this page on the net, it will help with many things regarding predators.

http://www.africanpredator.com/predatorcallinginfo.html

TRAPPING

http://landbou.com/bedrywe/diere/geheime-van-rooikatvang/

REMEMBER this is a 2005 article, figures would have changed since this date till today.

Geheime van rooikatvang - LANDBOUWEEKBLAD

2 Maart 2005

Die beste rooikathok wat geld kan koop, sal nie werk as dit nie reg of op die regte plek gestel is nie. Die vanger se ingesteldheid, kennis van hul gewoontes, die hok self en die lokaas wat gebruik word, sal alles ‘n invloed hê op die welslae wat ‘n mens met die stel van rooikathokke behaal.

Om roofdiere met ‘n hok te vang, is nie maklik nie. Dit is ‘n wetenskap.

As rooikatte ‘n probleem is en bestry moet word, moet die vanger eksperimenteer en leer waar die diere se loopplekke is. ‘n Rooikat sal byvoorbeeld nie in die nat veld stap nie. Hy stap eerder op die wal van die dam, om ‘n donga, op die kant van die pad of op droë land. Hy sal ook nie in ‘n pas gestroopte koringland loop nie, want die stoppels maak sy voete seer.

Daarom gaan ek, voordat ek ‘n rooikathok stel, in ‘n probleemdier-"mode", want as jy die probleemdier wil vang, moet jy soos die dier dink. Jy kan nie ‘n hok op enige plek neersit en verwag om iets te vang nie. Buk af, buig jou knieë, kom tot op die kat se hoogte, en probeer sien wat hy sien.

Jy moet kan verstaan waar hy sal loop en hoekom. ‘n Roofdier verkies dikwels om op ‘n pad te loop, maar sal nie altyd padlangs loop nie. Hy sal hoeke sny en in reguit lyne stap. Moet dus nie ‘n hok by die draai van ‘n pad plaas nie.

‘n Manier waarmee ek al heelwat welslae behaal het, is om ‘n paar vere aanmekaar te bind en ongeveer 500 mm van die grond af in ‘n boom te sit. So 4 m verder sit ek nog ‘n paar vere en tussen die twee bondels vere die rooikathok. Die vere word só geplaas dat die kat dit maklik van die pad af kan sien. Dit dien as lokmiddel om die kat by die hok te kry.

As ‘n skaap deur ‘n rooikat gevang is, is die kortste pad na die prooi waarskynlik die roete wat die rooikat gevolg het. As twee paaie kruis, is dit die beste om die hok daar te plaas. Dit verdubbel die vangkans.

‘n Hok moet nie in die middel van ‘n oop stuk land geplaas word nie. Jy sal niks daar vang nie, veral nie as die land nat is nie. As daar ‘n plek met bome is, is

dit ‘n moontlike plek waar ‘n wyfiekat en haar kleintjies skuil. Stel ‘n paar hokke daar.

Indien jy ‘n skaap kry wat deur ‘n rooikat gevang is en die skaap is met gras bedek, is die kans 99 % dat die kat na sy prooi sal terugkeer. Dit is ‘n goeie plek om ‘n hok te stel.

Die hok moet só gemaak word dat dit altyd honderd persent sal werk — selfs al roes dit ‘n bietjie. Die trapplaat moet byvoorbeeld baie fyn gestel kan word.

Die grootte van die hok is belangrik, want ‘n rooikat is baie versigtig en op sy hoede. Hy sal nie in ‘n hok instap as dit te klein is nie. ‘n Rooikathok moet verkieslik aan elke kant ‘n valhek hê, want ‘n rooikat hou daarvan om deur ‘n hok te kan kyk. As ‘n hok aan albei kante valhekke het, moet die trapplaat wyd wees en in die middel van die hok geplaas word. Albei hekke moet aan die trapplaat gekoppel wees.

‘n Eenvoudige konsep is altyd doeltreffender. ‘n Video is beskikbaar wat presies wys hoe die vanghokke gemaak word en hoe die verskillende onderdele werk.

‘n Rooikat verkies om sy kos self te vang, daarom moet die hok en lokmiddels baie aanloklik wees. Daar is verskeie lokmiddels wat baie goed werk, maar ‘n rooikat se urine is die beste.

Die rooikat se blaas (dit is altyd vol) moet saam met sy derms verwyder en alles in ‘n bottel gesit word. Meng dié goed vir die beste lokmiddel in die wêreld.

Iets soos bokkems wat twee maande lank in ‘n toe bottel met water gelos word of vrot dassievleis met heuning werk ook goed. Die vleis moet met gliserien besmeer word om dit teen maaiers te beskerm. Skaapwol is ook ‘n goeie lokmiddel.

Ek maak my eie "rooikat-urine" en kry goeie resultate, maar het ook uitgevind dat ‘n houer met Bostik-gom baie soos kat-urine ruik. Die reuk van ‘n nuwe houer is sterk, maar dit raak ná ‘n paar dae flou en moet vervang word. Dit kan ook aan ‘n lappie gesmeer en in die hok geplaas word.

Seagro (plantvoeding) werk ook. ‘n Lappie word daarmee benat en in die hok geplaas.

Al het jy nie skape verloor nie, is dit goed om die hokke te stel. Jy vang dalk ‘n rooikat wat na ‘n buurman se vee op pad is. Dit is ‘n vermorsing as die hok in die skuur gelaat word.

‘n Goeie hok wat reg gestel is, werk altyd. As ‘n boer egter nie met hokke regkom nie, moet ‘n professionele jagter se hulp ingeroep word om die rooikatte te roep en te skiet. ‘n Roeper met baie fyn klanke vir rooikatte is beskikbaar. Dit werk goed.

Navrae: Die skrywer sal graag meer inligting oor hokke, handroepers, lokaas, ensovoorts verskaf. Sy e-pos-adres is sellis@telkomsa.net, en sy foonnommer 082 485 3885.

Vyand nommer een

Jakkalse en rooikatte is veeboere se vyand nommer een. Na raming vang jakkalse meer as 250 000 skape per jaar. Boere bestee elke jaar duisende rande aan die bestryding van hierdie probleemdiere.

Ongelukkig word onskuldige diere dikwels ook doodgemaak. Om te verseker dat net probleemdiere bestry word, moet boere hokke en roepers inspan.

Indien ‘n onskuldige dier in ‘n hok gevang word, kan hy vrygelaat word, terwyl jy met ‘n roeper die keuse het om net die werklike probleemdier te skiet. Slagysters en gif bied nie hierdie onderskeid nie. Geen gif of slagyster is teikenspesifiek nie.

Om rooikatte suksesvol met hokke te vang, of jakkalse te roep en te skiet, is ‘n fyn kuns. ‘n Mens moet eksperimenteer, geesdriftig wees, vasberade bly en jou verbeelding gebruik. "Jy moet begin dink soos ‘n roofdier om ‘n roofdier te vang," sê mnr. Gary Laubscher, ‘n professionele probleemdierjagter.

Hierdie artikel handel oor die vang van rooikatte in hokke. In die volgende artikel sal hy aandag gee aan die roep van probleemdiere met teikenspesifieke roepers wat gebruik kan word om rooikatte en jakkalse te bestry.

Dié wenke sal help
Die volgende wenke kan gebruik word om goeie resultate met rooikathokke te verseker:

- Daar moet altyd sand op die vloer van die hok gegooi word. ‘n Rooikat sal nie instap as hy op metaal moet trap nie.
- Die hokke moet groot genoeg wees. Rooikatte sal nie in beknopte plekke ingaan nie. ‘n Goeie grootte is 1,6 m x 700 mm x 700 mm.
- Lewende aas, soos ‘n hoender, kan in ‘n kleiner hok bo-op die eintlike hok geplaas word.
- Plaas altyd iets wat blink (soos ‘n stukkie blink papier of ‘n CD) in die hok, want as iets in die son blink, sal ‘n rooikat kom kyk. Hang dit bo die trapplaat, sowat 30 mm onder die hok se dak. As dit te laag hang, sal dit in die dier se pad wees en sal hy nie ingaan nie.

- Visolie kan saam met ‘n stukkie skaapvleis gebruik word, maar dan moet ‘n stukkie wol van die vleis wys. Dit is belangrik dat die wol gesien word. Los ook ‘n lappie met visolie in die hok.
- ‘n Klein, sagte speelgoedhasie kan in die hok gesit word. Dit werk goed, maar dan moet die speelding baie realisties lyk.
- Wanneer jy ‘n kat gevang het, stel nog ‘n hok langs daardie een en hou dit ‘n dag lank daar. Die gevange dier kan ‘n ander roep.
- Kerf ‘n katspoor-stempel uit ‘n stukkie hout en maak katspore in die sand — veral binne die hok in die sagte sand. Dit skep die indruk dat ‘n ander kat binne was.
- Twee of drie stukkies mis van ander diere kan altyd in die hok geplaas word. Die rooikat se aandag sal dan op die spore en die mis gevestig wees en nie so erg op die hok self nie.
- Moet nooit die bloed van ‘n rooikat wat jy doodgemaak het in die hok los nie. Baie mense het ‘n stok met ‘n strik wat hulle oor die kat se kop sit en styf trek. Die kat het klein longe en sal gou bewusteloos raak. Hulle trek hom dan uit die hok uit en skiet hom in die kop.
- Maak seker die kat is dood voordat jy hom optel. Steek jou vinger in sy oog. As sy oog knip, is hy nie dood nie. Jy wil nie hê ‘n rooikat moet wakker word terwyl jy hom dra nie.
- As genoeg tyd beskikbaar is, kan meer hokke (agt tot tien) gestel word. Terwyl die son sak, kan iemand ‘n halfuur lank ‘n roeper blaas op die plek waar die hokke gestel is. Die roeper klink soos ‘n haas wat doodgaan. Rooikatte sal die roepgeluide hoor en stadig naderkom. Hoe meer hokke gestel is, hoe beter is jou kans om katte te vang. Ek gebruik hierdie tegniek baie en het in die omgewing van Sutherland al ‘n rooijakkals só in ‘n hok gevang.
- Soos kinders wat in die moeilikheid beland omdat hulle nuuskierig en sorgeloos is, maak jong roofdiere ook foute. Moet dus nie die hok uitwas om van die urinereuk ontslae te raak nie. Die reuk sal ander rooikatte laat dink hul maats is naby en sal ook ingaan.
- Begrawe ‘n botteltjie rooikaturine (wat meestal nagemaak is) op die plek waar die hok gestel word. Net die botteltjie se nek moet uitsteek. Om te keer dat die diere die botteltjie bykom, moet die hok só geplaas word dat die trapplaat oor die botteltjie is. Ek sit meestal riete in die bottel, want dan hou die reuk langer. Mettertyd kan van die riete uitgehaal en in die hok geplaas word.
- Hoendereiers kan ook as ‘n lokmiddel gebruik word. Sowat tien eiers word oopgebreek, in ‘n bottel geplaas en ‘n paar dae lank in die son gelaat. Maak ‘n paar gate wat natuurlik lyk in die grond en sit die eierbrousel in die gate. Gaan kyk ‘n dag later wat daar geloop het. ‘n Gat is die beste manier om ‘n roofdier se aandag te trek. Jy kan ook ‘n veer of twee in die gat plaas, dan lyk dit meer na ‘n ander roofdier se bêreplek. Hierdie metode sal wys watter soorte roofdiere in die omgewing voorkom, want jy sal die spore in die sand kan sien.

- As jy kat-urine as lokmiddel gebruik, moet jy dit nooit buite op die staalhek of metaaldele smeer nie. Die kat kan daarteen vryf om homself te stimuleer en die hekke kan toeval met die rooikat buite die hok.
- As daar ‘n plek is waar katmis van verskillende ouderdomme (vars en droë mis) lê, is dit ‘n merkplek ("scent spot"), wat ‘n uitstekende plek is om hokke te stel. Onthou, rooikatte krap nie hul mis toe soos ander katte nie en hul mis het wol en stukkies been in. **REMEMBER TO USE SEAGRO op lappie in hok!**

4 Maart 2005

DON’T LET ANYBODY SAY CATCHING ROOI JAKKALSE IN 'n HOK KAN NIE GEDOEN WORD NIE!

COPYRIGHT 2015

CAGE TRAP ROOIKATTE

COPYRIGHT 2015